

Waarom hou ons die Pesag?

Aviev (begin van lente in Israel) is weer hier en nog 'n jaar is verby. Soos wat jy ouer word sien jy hoe die jaarlikse siklus al vinniger verbygaan en dit voel asof goed wat drie vier jaar terug gebeur het, net verlede jaar gebeur het. Dit is die rede waarom ons Hemelse Vader vir ons Sy afgesonderde Heilige Dae gegee het om ons heel jaar lank, elke jaar, aan Sy wonderlike verlossingsplan, deur die lewe, dood en opstanding van Sy Seun Yahshua, te herinner.

Pesag, of Pasga, is die begin van daardie plan vir ons as Sy skepping, om in die gees gebore te word en uiteindelik weergebore te word met Yahshua se terugkoms. Dit is eers wanneer ons van ons sondes bekeer, die bloed van Yahshua vir die vergifnis en verwydering van die straf vir daardie sondes deur geloof aanvaar, en daarna gedoop (onderdompel) word, dat ons in 'n verbondsverhouding met Yahweh tree deur die bloed van Yahshua se ewige verbond.

Belydenis en geloof is die vereistes om 'n verbondsverhouding met Yahweh binne te tree. In enige verbondsverhouding is daar 'n vereiste vir beide kante van die partye wat die verbond maak. Eers moet ons ons sondes bely en Yahshua se offer vir die straf van ons sondes aanvaar. Dan word ons gedoop as die uiterlike teken van die verbintenis wat ons maak. Hierna laat Yahweh op sy beurt, deur sy geordende bediening, die geordende ouderlinge die hande op die nuwe gedoopte lidmaat oplê vir die letterlike oordrag van Sy *Ruach Ha Kodesh* (Heilige Gees). Dit is eers op daardie punt dat die nuwe gedoopte lidmaat Yahweh se Gees ontvang en letterlik Sy kind en 'n eerste vrug word, en as hy getrou bly tot die einde sal hy saam met Messias vir die duisend jaar millennium en daarna, vir altyd, regeer. (Sien asseblief les een van ons Bybel kursus wat 'Om by die Nuwe Verbond aan te sluit' genoem word).

Hand 2:37-47 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: *Wat moet ons doen, broers?* ³⁸ En Petrus sê vir hulle: *Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Yahshua die Messias tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang...* ⁴¹ *Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op daardie dag omtrent drie duisend siele toegebring...* ⁴⁷ *terwyl hulle Elohiem geprys het en in guns was by die hele volk. En Yahweh het daagliks by die samekoms gevoeg die wat gered is.*

1Pe 3:20 wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van Elohiem een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; ²¹ *waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot Elohiem om 'n goeie gewete – deur die opstanding van Yahshua die Messias;*

Hand 8:12-19 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die goeie nuus aangaande die koninkryk van Elohiem en die Naam van Yahshua die Messias verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue. ¹³ En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot krag te sien gebeur. ¹⁴ En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van Elohiem aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. ¹⁵ Hulle het afgekóm en vir hulle gebid, dat hulle die Afgesonderde Gees mag ontvang, ¹⁶ *want Hy het toe nog op niemand*

van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Meester Yahshua. ¹⁷ *Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Afgesonderde Gees ontvang.* ¹⁸ *En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Afgesonderde Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied* ¹⁹ *en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Afgesonderde Gees kan ontvang.*

Rom 8:9-17 *julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van Elohiem in julle woon. Maar as iemand die Gees van die Messias nie het nie, diegene behoort nie aan Hom nie...* ¹¹ *En as die Gees van Hom wat Yahshua uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat die Messias uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon...* ¹⁴ *Want almal wat deur die Gees van Elohiem gelei word, hulle is kinders van Elohiem.* ¹⁵ *Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!* ¹⁶ *Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van Elohiem is;* ¹⁷ *en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van Elohiem en mede erfgename van die Messias, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verhoog kan word.*

So, ons sien baie duidelik in die Skrif dat om deur die Gees van Yahweh gebore te word, Sy letterlike kind te word en die hoop van die ewige lewe saam met Yahshua ons Koning te hê, moet ons van ons sondes bekeer, volle geloof in Hom hê en dan die verbondsverhouding binne tree deur in die naam van Yahshua gedoop te word. Dan moet ons ook, nadat ons in die water onderdompel is, deur 'n geordende ouderling van Yahweh die hande opgelê word vir die oordrag van Sy Heilige Gees.

So wat het dit met Pesag te doen? Soos reeds genoem is dit bekering, geloof en om in die naam van Yahshua gedoop te word wat ons in 'n verbondsverhouding met Hom en Yahweh plaas. Yahweh se verbond staan vir ewig as ons getrou bly, maar dit is voorwaardelik, ons moet aan Sy Woord gehoorsaam bly en die geloof behou wat ons in staat gestel het om by die verbond aan te sluit.

Heb 10:26 *Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,* ²⁷ *maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.*

Dus is die Pesag 'n jaarlikse hernuwing van die verbond of die kontrak ooreenkoms. Dit is wat die Pesag so uiters belangrik maak. Satan, die duiwel, het meeste van die Christendom geflous om te glo dat jy die simbole van die Pesag (brood en wyn) elke dag, week, maand of net wanneer jy wil kan gebruik, maar wat sê die Skrif?

Luk 22:19-20 *Daarna neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit as herinnering aan my.* ²⁰ *Net so neem Hy ook die beker na die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed wat vir julle uitgestort word.*

1 Kor 11:23-26 *Want ek het van die Meester ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Meester Yahshua in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;* ²⁴ *en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle is; doen dit as herinnering aan my.* ²⁵ *Net so ook die beker na die ete, met die*

woorde: Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, as herinnering aan My. (Lukas 22:19, 20) ²⁶ *Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Meester totdat Hy kom.*

Die Skrif is baie duidelik dat Pesag 'n **HERHINNERING** is! Dit is nie iets om te doen wanneer ook al ons wil nie, maar is iets wat **“in sy bepaalde tyd slegs eenkeer ‘n jaar”** waargeneem moet word.

Eks 13:10 *Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar.*

Elke dag wat ons lewe, wanneer ons ons huise verlaat, moet ons die lewe van die Messias, wat ons van ons sondige natuur gered het, verkondig. Wanneer ons Yahshua as die Seun van Yahweh en verlosser van die wêreld deel, verkondig ons 'n lewendende Messias, want wie wil in 'n dooie messias glo? Maar, een keer 'n jaar volgens Yahweh se kalender, onthou ons 'n sterwendende Messias. Ons onthou die lyding, die marteling en die smart wat ons Verlosser Yahshua moes deurgaen. Nie vir Homself nie, maar vir elkeen van ons wat deur Yahweh geseën is om by Sy verbond aan te sluit en Sy Heilige Gees te ontvang.

Dit is waaroor die Pesag gaan, dit is elke jaar 'n tyd van besinning en somberheid oor die feit dat ons deur nog 'n jaar van ons lewens onder die verbondsbeloftes van Yahweh deur Yahshua ons Messias gegaan het.

Dit is ook 'n uiterste ernstige tyd van die jaar omdat dit 'n tyd is wanneer ons veronderstel is om oor die verbondsverhouding wat ons met ons doop gemaak het moet besin en daarna strewende om te fokus op hoe ons nog beter diensknegte van ons Meester Yahshua in die komende jaar kan wees. Die werklike Pesag diens is 'n redelike kort, stemmige diens waarvan die doel is om ons verbintenis, wat ons op die dag van ons doop gemaak het, te hernu en om dit met nog meer ywer as die vorige jaar te doen. Die jaarlikse besinning is so belangrik dat sommige broers siek geword en selfs gesterf het omdat hulle nie die jaarlikse selfrefleksie, wat nodig is om die simbole van die brood en wyn te gebruik en nog 'n jaar van verbondsverhouding met Yahweh en Yahshua binne te gaan, nie ernstig oppeneem het nie.

1 Kor 11:27 *Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Meester drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Meester.* ²⁸ *Maar die mens moet homself beproef en so van die brood eet en uit die beker drink.* ²⁹ *Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Meester nie onderskei nie.* ³⁰ *Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.* ³¹ *Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.*

Mens kan nie sulke selfondersoek, wat ware betekenis het, doen as dit elke dag of week gedoen word nie, en Yahweh sit ook nie daardie las op ons nie. As ons elke dag sulke selfondersoek moes doen, sou ons lewens meer op Messias se dood gefokus wees en met smart geul wees, altyd gefokus op Sy dood in plaas van Sy lewe. Want ons is deur Sy dood vergewe, maar word deur Sy lewe gered (Rom 5:10)

Yahweh wil hê ons fokus moet wees op die nuwe lewe wat Hy vir ons gegee het deur die perfekte lewe van Sy Seun. Hy wil hê ons moet daarop fokus om die nuwe skepping, wat ons nou kan word deur die inwoning van Sy Heilige Gees, te begin. Hy wil ook hê dat ons deur Sy gees ons ou sondige menslike natuur, met al sy begeertes van die

vlees wat saam met die ou mens gekom het en tydens die doop begrawe is, laat sterf en om te streef na die lewe van die nuwe mens wat ons word deur die inwoning van Sy Gees. Dit is hoekom ons tydens die Pesag diens, buiten die neem van die simbole van ongesuurde brood en wyn, ook die voetwas-seremonie met mekaar doen. Die voetwassery is simbolies daarvan dat elke lid van die liggaam van Messias nederig genoeg is om neer te kniel en 'n medegelowige se voete te was. Maar daar is selfs nog meer betekenis daaraan. Toe Yahshua neergekniel het om Petrus se voete te was het Petrus geweier en vir Hom gesê dat hy Hom nooit sou toelaat om sy voete te was nie. Yahshua antwoord toe en sê dat as Hy nie Petrus se voete was nie het Petrus ook geen deel aan Hom nie. Petrus gaan toe natuurlik voort deur te sê dat in daardie geval moet Yahshua sy hele liggaam was en kyk wat was Yahshua se antwoord:

Joh 13:10a Yahshua sê vir hom: Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is totaal rein;

Dit is baie simbolies aangesien Yahshua sê dat hy wat gewas is (gedoop) nie sy hele liggaam hoef te was nie (weer gedoop word nie), maar net sy voete moet was. Ons het nie nodig om elke jaar weer gedoop te word nie omdat daar net een doop, een geloof en een gees is wat ons ontvang wanneer ons 'n geldige doop en oplegging van hande, deur 'n gekwalifiseerde ouderling wat op die regte wyse geordineer is, ondergaan. Maar omdat ons nog steeds menslik is en steeds elke jaar onwetend sondig, is die voetwas ook simbolies van die klein sondes wat ons steeds uit ons lewens moet was.

Hopelik groei ons en raak ons met elke jaar meer volwasse in die geloof en probeer ons om elke kol en vlek uit te kry sodat ons 'n perfekte bruid kan wees, reg vir Yahshua met Sy terugkoms. Die Pesag is die mees belangrikste plegtigste dag van die jaar vir 'n gedoopte verbondsgelowige in Yahshua. Die dag is so belangrik vir die verbondsgelowige omdat as die gelowige nie deelneem aan die Pesag nie hulle uit die verbond van Yahweh gesny sal word en ook nie meer 'n eerste vrug sal wees nie.

Joh 6:53 53 En Yahshua sê vir hulle: Amein, amein Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. ⁵⁴ Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. ⁵⁵ Want my vlees is waarlik brood, en my bloed is waarlik drank. ⁵⁶ Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. ⁵⁷ Soos die lewendige Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. ⁵⁸ Dit is die brood wat uit die hemel neergedaal het – nie soos die vaders geëet en gesterf het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe.

Num 9:2-3 dat die kinders van Israel die Pesag op die bepaalde tyd moet hou. Op die veertiende dag in hierdie maand, tussen die aande, moet julle dit op die bepaalde tyd hou; ooreenkomstig al sy insettinge en al sy verordeninge moet julle dit hou.

13 Maar die man wat rein is en nie op reis is nie en nalaat om die Pesag te hou, daardie siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word; want hy het die offer van Yahweh nie op die bepaalde tyd gebring nie. Daardie man moet sy sonde dra.

Die Pesag is so belangrik dat ingeval iemand siek is, of fisies êrens is waar dit onmoontlik is om die Pesag op die regte dag (14de van die eerste maand Aviev) te hou, Yahweh 'n tweede Pesag datum ingestel het sodat daardie persoon nie van Hom afgesny word nie.

Num 9:10 Spreek met die kinders van Israel en sê: As iemand van julle of van julle geslagte deur 'n lyk onrein word of op 'n ver reis is, moet hy tog die Pesag vir Yahweh hou. ¹¹ In die tweede maand, op die veertiende dag, tussen die aande, moet hulle dit hou; met ongesuurde brode en bitter kruie moet hulle dit eet.

Daar kan ook geredeneer word dat as die Pesagseremonie 'n herinnering van die verbond waarin die gelowige tydens die doop ingegaan het is, dan kan geen ongedoopte, nie-verbondslidmaat, van die Pesag eet nie

Eks 12:43 Verder het Yahweh aan Moses en Aharon gesê: Dit is die insetting van die Pesag: Geen uitlander mag daarvan eet nie. ⁴⁴ Maar elke slaaf wat 'n man met geld gekoop het, hom moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. ⁴⁵ Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie.

Duidelik kan net verbondslidmate van die Pesag eet. Sommiges het vanuit die bostaande skrifgedeelte verkeerdelik geïnterpreteer dat iemand eers besny moet wees om van die Pesag te eet. Maar dit is nie om besny te wees nie, maar om in 'n verbondsverhouding te wees wat vereis word. Aangesien besnydenis 'n teken van die Ou Verbond was, soos wat die doop die teken van die Nuwe Verbond is, sou hy natuurlik in die Ou Verbond besny moes gewees het om in die verbond te wees en deel te hê in die Pesag, net soos mens eers in die Nuwe Verbond gedoop moet word voor jy in die Pesag kan deel.

Jy sal jouself nie weer aan 'n verbond verbind, wat jy in die eerste plek nooit by aangesluit het nie. Dit is soos iemand wat vra dat jy na hulle huweliksherdening kom en as jy vra wanneer hulle getrou het antwoord hulle dat hulle nooit getrou het nie maar steeds elke jaar die herdenking vier. Dit sal net nie logies wees nie. Jy sal nie weer aan 'n verbond verbind raak waarby jy nooit aangesluit het of aan behoort het nie.

Daar is nog 'n punt van verwarring wat bespreek moet word as gevolg van die verkeerde Pesag Seder wat moderne Judaïsme hou. Daar is die plegtige Pesagseremonie wat in die Ou Verbond met die Pesaglam gehou is, en in die Nuwe Verbond met die simbole van die brood en wyn. Dit word na sonder gedoen tussen die aande aan die begin van die 14de dag van Aviev, die eerste maand van Yahweh se Bybelse kalender.

Jy sal die simbole aan die begin van die 14de dag van Aviev gebruik en dan die volgende oggend, nadat jy van die simbole van die verbond met Yahweh deur die bloed van Yahshua geneem het, al die suurdeeg uit die huis uit wat gedurende die daglig gedeelte van die van die 14de Aviev of Pesag. Onthou Yahweh se dae strek van sonder na sonder, nie middernag tot middernag soos die moderne Romeinse kalender nie. Dan nadat jy al die suurdeeg uit jou woonplek verwyder, het in die daglig gedeelte van die 14de Aviev, met sonder van daardie dag wanneer die 15de Aviev en die eerste Heilige dag van Ongesuurde Brode begin, dan begin wat die skrif "Die nag om plegtig te onderhou" noem.

Dit is die nag van feesviering toe die Israëliete Egipte verlaat het. Dit is die nag na die Pesag wanneer ons 'n feesmaal en feestelike aand het omdat ons die vorige aand geseën is om in die Pesag simbole te deel en met ons verbondsverhouding met Yahweh vir nog 'n jaar aan te hou.

Eks 12:41 En na verloop van vier honderd en dertig jaar, op daardie selfde dag, het al die leërske van Yahweh uit Egipte uitgetrek. ⁴² Dit is 'n nag om plegtig onderhou te word tot eer van Yahweh, omdat Hy hulle uit Egipte uitgelei het. Dit is daardie nag van Yahweh om plegtig onderhou te word by al die kinders van Israel in hulle geslagte.

Onthou hulle kon nie op die nag van die 14de weggegaan het nie, aangesien dit die nag van die Pesag was toe die doodsengel verbygegaan het, en hulle aangesê is om nie hulle huise tot die oggend te verlaat nie (Eks 12:22). Op die aand van die Pesag en die doodsengel was daar verseker nie 'n feesviering nie, maar daar was wel die volgende aand toe hulle uit Egipte gegaan het. Die Skrif sê ook duidelik dat die kinders van Israel nie Egipte verlaat het op die nag van die Pesag nie, wat die 14de was nie, maar die volgende aand op die 15de.

Num 33:3 Hulle het van Raamses af opgebreek in die eerste maand, op die vyftiende dag van die eerste maand; op die dag na die Pesag het die kinders van Israel deur 'n hoë hand voor die oë van al die Egiptenare uitgetrek,

Deut 16: 1 Onderhou die maand Aviev en hou Pesag vir Yahweh jou Elohiem; want in die maand Aviev het Yahweh jou Elohiem jou in die nag uit Egipte uitgelei.

Daar is twee verskillende vieringe. Een was 'n plegtige viering wat Pesag genoem word, wat simboliseer dat jy 'n eerste vrug van Yahweh is en vanuit die dood na die lewe oorgegaan het, en die tweede was 'n feesviering vir die wegneem van suurdeeg (wat sonde verteenwoordig) uit ons lewens, en dat ons die ou lewe in Egipte agtergelaat het en 'n nuwe lewe in die wildernis in volle geloof in Yahweh begin het. Wat Judaïsme gedoen het was om verkeerdelik beide seremonies in 'n Pesag Seder op die 15de Aviev te kombineer, in plaas van die 14de.

Ek bid dat jy die belangrikheid van die Pesagseremonie sal sien en 'n beter verstaan sal hê van waarom dit so belangrik is en waarom dit 'n jaarlikse herinnering eerder as 'n weeklikse gebeurtenis is. Die Pesag is die belangrikste dag van die jaar vir 'n Nuwe Verbondsgelowige. Ons moet weke vooruit begin voorberei deur ons Bybels te lees en die groot offer wat beide Yahweh en Yahshua vir ons onthalwe gemaak het bepeins.

Dan, die volgende dag nadat ons die Pesag simbole met die begin van die aand op 14 Aviev gebruik het, moet ons alle suurdeeg uit ons woonplek verwyder aangesien ons slegs die krag het om die suurdeeg (sonde) uit ons lewens te verwyder nadat ons die simbole van die brood en wyn (Messias wat in ons leef) ontvang het. Nadat ons al die suurdeeg uit ons lewens verwyder het en met die koms van sonder en die Heilige dag, aan die begin van die aand van 15 Aviev, kom ons byeen vir die nag om plegtig te onderhou en vier die verlossingswerk wat Yahweh in ons doen deur die bloed van Sy Seun.

Wat 'n wonderlike verlossingsplan wat Yahweh vir ons en elke jaar deur Sy Heilige dae uitgelê het en dit begin alles met die Pesag, die dood en opstanding van Sy Seun Yahshua.

Vir meer inligting besoek gerus ons webtuiste by
www.coyhwh.com